MEDIAVERKLARING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

GEWILDE MARK SE DAK WORD HERSTEL

Pretoria, 20 Julie 2015. Die gewilde antiek- en versamelaarsmark wat vier keer per jaar by die Voortrekkermonument plaasvind, sal eersdaags weer volledig onderdak plaasvind. Die dak is in Desember 2014 tydens ‘n storm erg beskadig en sekere uitstallers moes noodgedwonge in die son uitstal. Hierdie probleem is hopelik een van die dae iets van die verlede, aangesien ‘n kontrakteur uiteindelik aangestel kon word om met herstelwerk te begin. Die volgende mark vind plaas op Maandag, 10 Augustus van 09:00 tot 15:00.

Die mark bied ‘n wye verskeidenheid goedere vir versamelaars aan; letterlik van ou erdeware en plaasimplemente tot Barbiepoppe en pragtige *art deco*-beeldjies. Daar is 97 uitstallers in 167 stalletjies. Stalletjies by die mark is moeilik bekombaar en voornemende uitstallers moet bereid wees om ten minste drie jaar vir ‘n stalletjie te wag.

Daar is verversings en ‘n restaurant met lewendige musiek by die mark, asook ‘n paar stalletjies met heerlike deli-kosse. Veilige parkering is beskikbaar teen slegs R30 toegang per voertuig. Die terrein is rolstoeltoeganklik met parkering aan die oostekant van die mark vir gestremdes.

Navrae aangaande die antiekmark kan gerig word aan Geraldine by 012 326 6770 of by bemarking@vtm.org.za.

UITGEREIK DEUR:
SONJA LOMBARD
BESTURENDE DIREKTEUR
VOORTREKKERMONUMENT
Tel: 012 326 6770
Faks: 012 326 8374
E-pos: sonja@vtm.org.za